DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**5 September 2021**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Markus 4: 1, 35 - 41 & Lukas 8: 22 - 25 |
| **Tema** | Ken jy regtig die Here? |
| **Sang** | Psalm 146: 1, 8<br>32: 5<br>61: 4, 5<br>134: 4<br>33: 7, 11 |

Elkeen van ons kan tye onthou toe ons na iets konkreet gesoek het om aan vas te hou toe ons getwyfel het en vreesagtig was. Die Here weet wanneer ons hoop, leiding, troos, bemoediging en versterking nodig het. Daarom gee Hy aan ons spesifieke beloftes in die Bybel, sodat ons Hom kan ken, verstaan en glo. In stormagtige en deurmekaar tye is God en Sy beloftes noodsaaklik vir ons geestelike welstand. Sy woord is ons vaste anker, maar ook ‘n kompas en ‘n gids. Die Here is die ewige, onberyplike, onveranderlike en Almagtige. Hy is meer as wat ons kan ken of dink.

In die teks sien en hoor ons die dissipels in krisis. Na ‘n lang dag wil Jesus na die oorkant van die meer van Galilea aan. Daar is 5 belangrike aspekte wat ons sien.
Nood – daar is ’n hewige storm op die see. Die meer van Galilea kon agv van ‘n windstorm binne minute onstuimig word. Die meer was aan die een kant omring deur klowe. Die klowe het die wind getregter sodat dit golwe gemaak het. Dikwels het die bootjies op die meer gesink.  Versoek – die disippels roep om hulp in vers 24: “Meneer, Meneer, ons vergaan!”
Bevel – “Toe staan Hy op en bestraf die wind en die golwe.” (v25)
Effek – “Hulle het bedaar, en daar het stilte gekom.” (v 25)  Reaksie – “Hulle was verskrik en verbaas” (v25)

Die lewe maak ons bang – veral as dit vir ons lyk of God afwesig is of slaap! Vra jouself: sou die dissipels so angsbevange wees as Jesus nie geslaap het nie? Die feit dat Jesus slaap is betekenisvol in hierdie gebeure. Hoe kan Hy help as Hy slaap? Hoe kan Hy in beheer wees van die situasie as Hy slaap? Hoe kan Hy omgee as Hy slaap in ons krisis? Jesus lê en slaap terwyl hulle water uit die boot skep, wanneer gaan Hy wakker word en ons help? As hulle Hom wakker maak as die boot vol water raak, verkeer hulle in lewensgevaar. Markus skryf dat die dissipels Jesus verwyt het. Hoe kan U slaap in ons krisisuur?

In Ps 44: 24 roep die Koragiete: "Kom ons te hulp!  Waarom slaap U, Here?  Word tog wakker!"  … "Waarom steur U U nie aan ons ellende en smaad nie?" Here U slaap terwyl ons letterlik sukkel om kop bo water te hou! Ons raak paniekerig omdat ons dink dat God afwesig is. Ons verwoord dit so: ons bid, maar God hoor nie. My gebed slaan teen die plafon vas. Niemand gee vir my om nie. Het die Here werklik vir my tyd? Waarom vat die Here so lank om iets te laat gebeur? Waarom bring die Here nie 'n einde aan die ellende nie? Vrees word gebore uit die gevoel dat God ver is.  Ons almal was al op so 'n onseker plek in die lewenstorm. Die Here het die Heilige Gees vir ons gegee wanneer ons bang, benoud en onseker is. Hy hou ons vas en Hy leer ons wie God is. Die Heilige Gees bevestig vandag weer deur die Woord: Ps 121 "Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie.  Waarlik die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie." Jou God is altyd wakker. Hy is jou Bewaker. In Johannes 14:16 het Jesus belowe: "Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid."  Hierdie vir ewig beteken daar is nie 'n tyd wanneer die Heilige Gees nie 100% by jou teenwoordig is nie!  Hy sluimer nie vir 'n oomblik in nie!  Sy gedagts dwaal nie vir 'n oomblik van jou af weg nie!  Sy oog is op jou gerig; 100% van elke sekonde van elke dag, vir ewig!

Die Heilige Gees se onbeperkte teenwoordigheid bring vrede – selfs as jou boot vol water raak. Hy sien jou sit en opstaan. Hy hou jou vas, selfs al raak jy moeg, en bang. En Hy sal altyd betyds opstaan en ook in jou lewe die wind en golwe laat bedaar. Want Hy is die ewige en Almagtige God.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Gerhard Maritz wat steeds bestraling vir die kanker ondergaan. Sterkte met die ongemak.
* Rika Schutte is amper klaar met die chemo wat sy ontvang. Ons dank die Here dat hy jou dra en bewaar.
* Ons bid vir Zoë Erasmus wat gesondheidsprobleme ondervind en 'n bloedoortapping moet ontvang.
* Ons is dankbaar dat Zelda Erasmus se operasie goed verloop het. Sterkte met die genesingsproses.
* Ons bid vir almal wat die trauma van Covid verwerk – hetsy dit die genesingsproses is, geestelik of finansieël. Bid vir mekaar, maar ook vir die inwoners van ons land en die regering wat die Here oor ons gestel het.
* Onthou die Bybelstudies van die verskillende groepe. Kontak jou groepleier as jy onseker is of of jou groep weer aan die gang is.



# GEDAGTE VIR DIE WEEK

Prys die Here!
Loof die Here, want
Hy is goed, aan sy liefde
is daar geen einde nie!

Psalm 106: 1

## KERKRAAD

Die volgende broers word Sondag 5 September 2021 as kerkraad bevestig :

**Ouderlinge:**
Phillip Van Der Walt

**Diaken:**
Roelof Venter



# KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 6 Sept | Antonette Albertyn | 21 | B | 082 895 9150 |
| Di 7 Sept | Veroneque Lessing | 15 | D | 083 627 4751 |
| Do 9 Sept | Leyla Van Der Walt | 2 | D | 078 965 8226 |
| Vr 10 Sept | Bettie Du Plessis<br>Wynand vd Walt | 68<br>40 | B<br>B | 076 474 1806<br>078 176 0964 |
| Sa 11 Sept | Lana Nel | 54 | B | 083 794 4958 |

## BYBEL AANKOPE 2020 VERTALING

Grootdruk Bybels 2020 vertaling sal vanaf middel September 2021 beskikbaar wees.
Die koste per Bybel is as volg:
Afrikaanse 2020 volledige Bybel **GROOTDRUK**, swart hardeband @ R 350.00
XAfrikaanse 2020 volledige Bybel **GROOTDRUK**, luukse leeromslag, duimindeks @ R 500.00

Lidmate wat die grootdruk Bybel wil bestel kan hulle name nou by die kerkkantoor kom opgee.
**(X Slegs beskikbaar tot einde September 2021 teen genoemde prys)**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 6 Sept 2021 | 18:00 | **ZOOM** | Diakens Vergadering |
| 7 Sept 2021 | 09:30 | Kerk | Bybelstudie |
| 8 Sept 2021 | 18:00 | Kerk | Bybelstudie |
| 9 Sept 2021 | 09:30 | Alta Theron | Bybelstudie |

# DIAKONIE

Graag versoek ons lidmate wat **lemoen en groente sakke** het om die ASB by die kerkkantoor in te gee, ons benodig dit om die groente skenkings in te verpak.

Die diakonie vra asb vir skekings van bees en / of wilds vleis wat verwerk kan word vir fondse vir die diakonie. Kontak Reinhardt Weidemann op 082 610 0623.

**Die diakonie verkoop weer wildsvleis :**


**Maalvleis : R 71.43 / kg**
**Braaiwors : R 85.71 / kg**
**Kookvleis : R 50.00 / kg**
**Pasteie : R 100.00 / pastei (1KG @ R 100.00 elk & 600 Gram @ R 60.00 elk)**


Ondersteun asb hierdie projek van die diakonie. Teen hierdie prysse kan niemand die geleentheid laat verby gaan nie. Voorkom teleurstelling en skakel Reinhardt Weidemann op 082 610 0623 om bestellings te plaas.

# 2 MILJOEN BYBELS PROJEK

Meer inligting aangaande die projek is in die kerkkantoor beskikbaar vir lidmate wat aan die projek wil deelneem.




GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R 200 000.00
R 180 000.00
R 160 000.00
R 140 000.00
R 120 000.00
R 100 000.00
R 80 000.00
R 60 000.00
R 40 000.00
R 20 000.00
R -
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 120 826.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 124 876.00
R 106 109.61


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R 60 000.00
R 50 000.00
R 40 000.00
R 30 000.00
R 20 000.00
R 10 000.00
R -
FEB
MRT
APR
MEI
JUN
JUL
R 36 533.50
R 50 317.40
R 41 630.70
R 22 141.76
R 23 858.80
R 35 979.75
R 36 064.00
R 27 227.60
R 12 430.00
R 32 103.94
R 17 220.00
R 16 514.38
INKOMSTE
UITGAWES

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Hulle het bedaar, en daar het stilte gekom. Toe sê Jesus vir hulle: "Waar is julle geloof dan?" Maar hulle was verskrik en verbaas en het vir mekaar gesê: "Wie is Hy tog? Hy gee bevele aan wind en water, en hulle is aan Hom gehoorsaam!"*

*Lukas 8: 25*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS